


Chaos op Braak

■ 3 000 mense drom saam

■ 26 klagtes van onbedagsame bestuur

■ Groot skaalse wetteloosheid



Danie Keet

Dit is jammer dat mense van buite Stellenbosch openbare geleenthede in die dorp gebruik om hier te kom wanorde saai. En as dit boonop op 'n noodlottige ongeluk uitloop, moet hierdie probleem aangespreek word.

Dit is die mening van superintendent Hermien Swanepoel van Stellenbosch se verkeersdienste oor die chaos wat Vrydag 27 Januarie na afloop van die Vensters-program op die kampus van die Universiteit Stellenbosch (US) op die Braak uitgebreek het.

"Ons het al vroegaand gesien hier is 'n ongewone beroering in die dorp. Voertuie met vreemde registrasienommers het die dorp binnegestroom en die deurgangsroetes begin beset.

"Teen omstreeks 20:00 het die polisie al begin om alkohol af te vat van mense wat dit op die Braak in die openbaar gebruik het.

"Die grootskaalse wetteloosheid van 'n groot groep mense is kommerwekkend. Ons het 26 klagtes van onbedagsame bestuur, 23 vir ander bewegende oortredings, vyf vir die tol van motors se wiele (*wheel spinning*) in die strate uitgereik en 'n arrestasie van roekeloze en nalatige bestuur en die bestuur onder die invloed van drank.

"Drie voertuie is geskut nadat die bestuurders daarvan afgetrek is en weggehardloop het en een wat in 'n geringe ongeluk was met 'n ongelisensieerde voertuig en waarvan die bestuurder ook geen bestuurderslisensie het nie. In 'n stadium het ons geskat dat daar tot soveel as 3 000 mense op die Braak saamgetrek het," het Swanepoel die voorval beskryf.

Sy het gesê talle motorbestuurders het eenrigtingstrate geignoreer, geparkeer waar hulle wou en deur hul optrede ander padgebruikers en voetgangers se lewens in gevaar gestel het.

"Ons moes teen hulle optree omdat

die algehele wetteloosheid wat daar geheers is, iets is wat nie toegelaat kan word nie.

"Wat die voorval nog erger maak, is dat een van die motorbestuurders wat ons tydens die voorval by die Braak opgemerk en gewaarsku het, later dieoggend in 'n noodlottige ongeluk betrokke was. Ons wil sulke voorvalle in die toekoms voorkom," het sy gesê.

Martin Viljoen, woordvoerder van die US, het gesê die voorval by die Braak was nie deel van Vensters nie. Kapt. Natalie Martin, woordvoerder van die Suid-Afrikaanse Polisiediens op Stellenbosch (SAPD), het gesê die SAPD het in samewerking met ander wetstoepassingseenhede die groot skare mense op die Braak na afloop van die Vensters onder beheer gebring.

"Die area is deurlopend gemonitor deur die SAPD, wetstoepassingseenhede en die Stellenbosch-verkeersdienste het boetes uitgereik aan bestuurders wat verkeersreëls oortree het. Arrestasies is ook uitgevoer."